

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
27 November 1977

Onderwerp: Dit is die HERE se stryd
Leërdag

Lees: 1 Samuel 17 verse 38 tot 51

Teks: 1 Samuel 17 vers 45

Sing: Psalm 68 vers 9
Gesang 305 vers 2
Gesang 218 vers 3

“Ons volk hier in Suid-Afrika bevind ons in ’n ontsettende krisis. Die meeste besef dit nie en wil dit nie besef nie. Ons leef in selfbedrog. Dit is asof ons met blindheid geslaan en met doofheid getref is.

“Ons het onself wysgemaak dat ons voorspoed in hierdie land van melk en heuning gewaarborg is. Twee verwoestende wêreldoorloë het ons in hierdie land feitlik ongeskonde gelaat. Ons het vele teëspoede en beproewinge te bowe gekom. Ons het van krag tot krag gegaan, sodat ons wat die uitwendige betref, op die kruin van die golf lewe. Maar juis in hierdie voorspoed lê ons grootste bedreiging. Dit het mense onverskillig gemaak, in plaas daarvan dat hulle besef hoe afhanklik hulle van God is. Daarom wil ons vanmôre luister na wat God vir ons in sy Woord wil sê aan die hand van die geskiedenis van Dawid en Goliat.

“Om dit te doen, wil ons nie op die historiese agtergrond van hierdie verhaal ingaan nie, maar kortpad vat na die drie mense in ons teksgedeelte: Goliat, Saul en Dawid.

“Goliat was ’n uitdagende grootprater. Hy was ’n baasvegter met baie spiere en min gees. Sy vertrouwe was op sy harnas, sy skeenplate en sy spies.

“Saul was ook groot van gestalte, maar sonder hart. Hy was vreesagtig, kleingelowig en sonder God. Hy was sonder geloof en daarom paniekerig in krisis situasies. Goliat het hom beïndruk, terwyl hy verkleinerend was teenoor die kleine krag van die rooierige seun met sy mooi gesig.

“Saul was ’n opportunist wat ’n kans gevat het met Dawid, op Goliat se terme. Hy het Dawid van kop tot tone toegerus met dieselfde oorlogsmondering as

Goliat: pantser, 'n brons helm en 'n swaard. Die seun het verdrink in sy aangeplakte weerbaarheid.

“Broers en Susters, Saul het 'n baie menslike ding gedoen om Dawid in hierdie mondering te prop. En tog wys God se Woord op die belaglikheid daarvan, want juis dit het Saul se kleingelowigheid geopenbaar. Hy wou Dawid soos Goliat maak. Hy wou dieselfde taktiek gebruik. Die wapens moes die ding doen. Die swaard en die helm moes die oorwinning gee. Saul se fout was, hy het te veel gereken en te min geglo.

“Dawid was die derde person op die toneel. Daar was nie jeugdige selfoorskating of spoggerigheid by hom nie. Hy het nie parmantig vertel hoe hy 'n leeu aan die baard gegryp het en een twee drie ook met 'n beer afgereken het nie. Nee, hy het geweet wat die sleutel tot sy sukses was en vertrou: ‘Die HERE wat my gered het uit die klou van die leeu en uit die klou van die beer, Hy sal my red uit die hand van hierdie Filistyn.’ (1 Sam 17:37) Dit was 'n belydenis van vertrou. Hy het sy vertrou gegrond op die ondervinding van die verlede. God het die leeu en die beer vasgehou. Waarom sou hy Goliat vrees?

“Dawid het sy vertrou op God gestel. Daarom het hy die pantser uitgetrek. Dit het hom gepla en hy het nie sy hoop daarop gevestig nie. Dawid het ook nie op sy slingervel gehoop nie, maar op God. Daarom het Dawid bely: ‘Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskaer, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het. Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n God het. Dan sal hierdie hele menigte moet erken dat die HERE nie deur swaard en deur spies verlos nie; want die stryd behoort aan die HERE, en Hy sal julle in ons hand gee.’ (1 Sam 17:45-47) Dit was nie Dawid teen Goliat nie. Nee, die stryd het aan die HERE behoort.

“Broers en Susters, hoe duidelik is die openbaring van Dawid se geloofsvertrou nie! Die nietige slingervel in sy hand het sy weerloosheid beklemtoon, maar tegelykertyd ook sy geloofswaarheid. Sy geloofsmoed was nie selfoorskating nie.

“Maar by Dawid se vertrou was daar nog iets. Dit was sy verontwaardiging. Sy optrede is gedra deur 'n heilige ontsteltenis oor Goliat se uitdaging. Dit het nie

vir Dawid gegaan oor sy eie aansien en selfs nie oor Israel se aansien nie, maar oor die eer van die HERE.

“In hierdie stryd het verskillende dinge teenoor mekaar gestaan: die grote teenoor die kleine; Goliat teenoor Dawid; die selfvertroue teen die vertrou op God; Saul se opportunisme teenoor Dawid se sekerheid; Saul se berekeninge teenoor Dawid se geloof; en Dawid se verontwaardiging teenoor Saul se vreesagtigheid.

“Hierdie stryd kan in drie gestaltes opgesom word: mag, vrees en geloof. En só bring hierdie geskiedenis vir ons en ons tyd ’n aangrypende boodskap. Ons ken die mag wat teen die HERE en sy koninkryk staan. Dit is ’n roekelose en astrante reus wat dwars voor ons in die weg staan:

“Dit is die reus van die wêreldpolitiek wat ons en ons land bedreig. Die groot gestalte van ’n goddelose kultuur wat ’n donker skaduwee gooi oor ons Christelike erfenis. Dit is die reus van openbare mening wat gelowiges wil onderwerp. Dit is die sterk mens van ons eeu: luidrugtig en selftevrede in sy vermoëns, wat in eie krag en godsveragting sy eie heil in sy eie moontlikhede soek. Hy is tot die tande gewapen met die wetenskap, tegniek en finansiële mag, waarmee hy homself sterk gemaak het.

“Die reus kan enigiets of iemand wees wat God se saak bestry en teëstaan. Ja, dit is elke persoon, groep, instelling en standpunt wat die ontplooiing van die Christelike banier teenstaan. Dit kan ’n enkeling wees. Ons vind hom by die kerk. Hy daag ons Calvinistiese geloofsoortuiging uit. Hy loer by ons sitkamers in.

“Dit is die reus en enorme goddelose teenstand wat daagliks die slagordes van die HERE uitdaag en bespot.

“En Broers en Susters, onder ons is daar ook verwarring soos daardie dag in die Israeliete se kamp toe Goliat op die toneel verskyn het. Laat ons eerlik wees: baie vlug; ander kruip weg; en ander doen mee. Sommige se moed sak in hulle skoene en hulle gee al op voordat die stryd begin het. Sommige maak berekenings soos Saul en sê: Goliat is groot en Israel is klein; Goliat is sterk en Dawid is ’n seun wat geen kans het nie. Goliat het ’n swaard en pantser, teenoor Dawid se velrok. Dit is duidelik: ons kans is sleg.

“Dit is hoe die Saul-Christen berekeninge maak, in plaas van om te glo. Dit is berekeninge gebaseer op sigbare feite wat ons inderdaad vreesagtig en pessimisties maak. Broers en Susters, dan begin die Saul-Christene ander kragbronne soek: pantsering met

allerlei hulpmiddels en taktieke. Die vegters word soos Dawid uitgestuur in aangeplakte weerbaarheid, met swaarde wat hulle self gesmee het. Die gebrekkige krag word weggesteek agter allerlei geleende wapentuig, om daarmee 'n vertoning te probeer maak. Maar een ding staan vas. Die vegter van God is verlore in geleende klere. Hy of sy is wondbaar as die krag in eie vernuf gesoek word.

“Nee, Broers en Susters, as ons Goliath wil oorwin, moet ons terugkeer tot die geloofsuiwerheid van Dawid. Dit het in twee dinge gelê: verontwaardiging en vertroue.

“Dawid was verontwaardig omdat God se slagordes uitgedaag is en die HERE bespot is. Hoe skaam moet ons wees dat ons hierdie suiwere verontwaardiging verloor het. Boonop doen ons dikwels mee met die wêreld se dinge, in plaas van om dit te beveg.

“In ons teks roep God ons op tot die felheid, omdat ons Hom lief het. Hy roep ons op tot gebelgdheid oor die vernedering van sy Kerk in hierdie wêreld. Hy roep ons op tot toorn oor die godslastering en godsmiskening van ons tyd. Hy roep ons om paraat te wees, omdat ons bedreiging so groot is.

“Maar, Broers en Susters, waar bevind ons onself? Ons het baie van hierdie dinge verloor, miskien omdat ons reeds uit vrees gaan lê het, of verlam is deur 'n gevoel van minderwaardigheid teenoor die reus, of omdat ons berekeninge ons die stryd laat vaar het. Miskien het die reus al so 'n houvas op ons gekry, dat ons hom nie meer as 'n bedreiging beskou nie. Of miskien is die vlam van die Heilige Gees in ons aan die flikker of miskien uitgeblus, omdat ons die liefde en die ywer vir die HERE verloor het. Hoe dit ookal sy, heilige verontwaardiging is skaars onder ons. As ons lewenswandel nie spreek van heilige verontwaardiging oor die godsmiskening en godslastering van ons tyd nie, veins ons as ons voorgee dat ons bekommerd is oor die bedreiging teen God se koninkryk.

“Militêre weerbaarheid sonder geestelike weerbaarheid beteken nie veel nie. Ons behoud lê nie in moderne fisiese wapentuig nie, maar in God alleen.

“Heilige verontwaardigheid is 'n geweldige dryfkrag en energie. Verontwaardiging sal ons weer durfkrag gee. Ons moet tot God bid om ons op die been te bring en te laat oorgaan tot die aanval. Maar dit moet nie sonder vertroue wees nie, want dan lei dit tot oormoedigheid. Ons moet nie steun op selfvertroue nie, maar Dawid se Godsvertroue. Ons moet nie steun

op fisiese wapens nie, maar vertrou op God se wapenrusting: die gordel van waarheid; die borswapen van geregtigheid; die skild van die geloof; die helm van verlossing en die swaard van die Woord. Ons moet met 'n kinderhart bid: Ek roep God se krag in en ek laat alles aan Hom oor. Ons vertrou moet nie wees in berekeninge nie, maar in geloof wat die onsienlike sien.

“Dán is dit die majestueuse God wat agter ons staan. Dit is Hy wat met 'n klein slingervel in ons hand sy doelwit bereik. Gideon het met hierdie krag 'n oormag oorweldig. Die stryd behoort aan die HERE wat koninkryke oorweldig; geregtigheid uitoefen; bekke van leeus toestop; en die krag van vuur uitblus.

“Hierteenoor is ek klein in my protes, opstand en pogings. As ek begin bereken, word ek bang. Maar my God is groot. En dit is wat die geloof sien.

“Die geloof sien Jesus Christus. Hy het klein en verag gelyk, maar Hy is die Heerser en Oorwinnaar: ‘Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.’ (Matt 28:18) Hy was sonder gedaante of heerlikheid, maar Hy is die Koning van die wêreld. Dawid en sy slingervel het Jesus Christus aan die kruis geword. En daar aan die kruis het Jesus die wêreld oorwin. Dit is in Jesus Christus se Naam en krag dat ons stry. Alleen deur Hom sal ons die reus oorwin.

“Dawid en Goliat se geskiedenis moet hierdie gebed in ons harte plaas: Here ek verag myself dat ek so bang is; so pessimisties; so besig om my kanse te bereken. Ek is skaam voor U oor my kleingelowigheid en dat ek so lamlendig is en so gou swig; en so gou swyg as u Naam en koninkryk uitgedaag word.

“Onthou, in ons stryd teen die reus moet daar geloof wees wat rus op vertrou in God se krag. Dit word aan die gang gesit deur heilige verontwaardiging. Vra God om jou die verontwaardiging te gee. Laat die gloed daarvan tintel in jou are. En as ander spot en my eie mense vrees as die reus nader kom, laat ek dan opstaan met die slingervel waaraan U die slaankrag gee. En laat ek Goliat aan sy bors gryp in my eie huis, kerk en volk in die Naam van die Drie-enige God.

“Help my HERE, want die reus is groot. Gee my die strydkreet in my hart: ‘Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskaare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.

“Amen.”

Kommentaar:

Dominee Bester het dieselfde preek as basis gebruik vir sy preek op Geloftedag, 16 Desember 1990, in Lambertsbaai. Hy het dit op die Slag van Bloedrivier toegepas en die Gelofte van Bloedrivier aangehaal:

“My broeders en medelandgenote, hier staan ons voor die heilige God van hemel en aarde om ’n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as ’n dankdag, soos ’n sabbat sal deurbring; en dat ons ’n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag; en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte; want die eer van sy Naam sal verheerlik word deur die roem en eer van die oorwinning aan Hom te gee.”

Bloedrivier

Die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 is voorafgegaan deur onderhandelings tussen die Trekkeleier, Piet Retief, en die Zoeloe-koning, Dingaan. Daar is ooreengekom dat die grondgebied tussen die Tugela en Umsimvubu riviere aan Retief afgestaan sou word, as Retief vee wat Sikonyela, ’n Swart-opperhoof, geroof het, sou terugneem en aan Dingaan sou terugbesorg. Nadat Retief dit gedoen het, het Dingaan hom en 100 ruiters op 3 Februarie 1838 op verraderlike wyse by die Zoeloe hoofstad, Ungungundlovu, oorrumpel en vermoor.

Dingaan het daarna op 17 Februarie 1838 die Boere-laers by Bloukrans en Boesmansrivier uitgewis. Bykans 300 blankes en 200 nie-blanke bediendes is vermoor.

Hierna was daar etlike mislukte optredes teen Dingaan, waarna Andries Pretorius as leier aangewys is. Prof. C. F. J. Muller skryf:

“Twee dae nadat hy op 25 November as kommandant-generaal aangewys is, het hy sy ruitermag met ossewaens na Zoeloeland uitgelei, waar hy op 15 Desember met fyn taktiek sy versterkte walaer tussen ’n diep plek in ’n sytak van die Buffelsrivier (die latere Bloedrivier) en ’n donga getrek het. Die verdedigers het bestaan uit sowat 470 man (versterk deur Britse setlaars met Bantoe-volgelingen), en teen hul vuurkrag

uit geweer- en 'n paar klein kanonlope het die heldemoed van assegaai- en skilddraende Zoeloes, wat op sowat 12,500 geskat kan word, hulle te pletter geloop." Na dié slag, wat die Zoeloemag vernietig en uitmekaar gejaag het, is meer as 3000 Zoeloe lyke gevind. Daar was geen lewensverlies onder Andries Pretorius se mense nie. (Muller p. 139 e.v.)

Daar is ook 'n boodskap in die Slag van Bloedrivier vir die ander bevolkings van Suid-Afrika. Dit is: Hier is julle God!

BIBLIOGRAFIE

Muller, Prof. C. F. J. *500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Tweede Druk. Pretoria en Kaapstad: Academica, 1969.

